

Nuusbrief vir 9 April 2016

SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP/BREEDERS' SOCIETY



NUUS

HULP VIR ELEKTRONIESE INSKRYWINGS

8 April 2016

1. Maak die elektroniese inskrywingsvorm van die betrokke skou oop;
2. Jou stoetnommer is jou username (probeer met die nul vooraan en as dit nie werk sonder die nul);
3. As jy jou password vergeet het, vra self elektronies vir 'n nuwe password. Jy sal dit per e-pos ontvang; WENK: gebruik 'n woord van jou stoetaam of dieselfde nommer as password - hou dit eenvoudig;
4. Probeer weer as jy die e-pos ontvang om jou password te reset.
5. Kies volgens die aanwysings 'n een perd op met ruiters en die klasse wat hulle ry.
6. Moenie vergeet om te 'SUBMIT' nie.
7. Jy sal vir elke elektroniese inskrywing en/of wysiging wat jy ENTER 'n e-pos bevestiging kry. Gaan dit deegklik na.

Indien jou perd/ruiters nie reg op die sisteem verskyn nie, kontak Heleen Pope met die probleem 0826301827

NASIONALE KAMPIOENSKAPPE: TROFEES & BORGSKAPPE

7 April 2016

Teen hierdie tyd is die reëlings vir die Nasionale Kampioenskappe al amper klaar - nou moet die tyd net aanbreek! Ons glo almal is hard aan die oefen en sal ook ons streekkampioenskappe (Vrystaat en Natal) ondersteun ter voorbereiding van die groot een.

Graag herinner ons almal daaraan dat alle trofees in 'n goeie toestand terug besorg moet word voor die skou begin. Indien dit al 'n bietjie gehawend lyk of dalk per ongeluk skade gekry het deur die jaar, versoek ons u ook vriendelik om dit betyds te laat herstel.

Borgskappe t.o.v. kampioenskapsklasse, asook alle ander aspekte van die skou, sal verwelkom word. Dit sal gedurende Meimaand aan u deurgegee word. Nader gerus u kontakte in die verband. Indien nodig, sal die Kantoor aan u 'n skrywe verskaf.

MARKETING & ADVERTISING ON THE COMMUNICATOR

6 April 2016

The Communicator gives everybody in the Society an equal chance to give information through, as well as market and advertise horses, events, or post urgent alerts regarding shows. To make this easier, advertising packages' application forms were compiled. Should you have something else in mind, please contact me directly by e-mail: petrogrove@mweb.co.za.

We reserve a space for the advertisement of the month, with a banner at the bottom (clearly seen on computer). However, should you wish only to place a banner, we can have multiple banners rolling at the bottom of the page simultaneously. Should you know of a business that also wants to advertise, that is also possible. The plan was to replace the printed calendars with electronic hands-on communication.

APPLY NOW for advertising!

<http://www.saboerperd.com>

COMMUNICATOR GEBRUIKERS 2016

6 April 2016

Baie dankie aan almal wat reeds die Communicator effektief gebruik. Ons sal dit waardeer as julle vir ons terugvoer in die verband kan gee by petrogrove@mweb.co.za.

Ons wil julle asb. versoek om aral waar julle kom, ons lede behulpsaam te wees om dit wel af te laai. Na een maand, is amper die helfte van ons lede aktief op die communicator. Dis nie wenslik nie, aangesien die doel daarvan juis is om almal daaglik betrokke te hou by gebeure in en om die Genootskap.

Die maklikste manier om af te laai is om deur die GoogleAppStore te werk, en die D6 Corporate Communicator te soek en daarna af te scroll tot by SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP. Ek sal almal aanraai om dit op hulle selfoon, sowel as een rekenaar perd huis af te laai. Die advertensies en foto's is net baie duideliker op rekenaar is.

VRYSTAAT STREEKKAMPIOENSKAPPE 2016 FREE STATE REGIONAL CHAMPIONSHIPS

6 April 2016

Elektroniese inskrywings van die Vrystaat Streekkampioenskappe (2 - 5 Mei 2016), is aktief die webblad vanaf Woens, 6 Apr. Die skou vorm deel van die jaarlikse Reënboogskou met allerhande lekker dinge om tussen skouklasse te doen. Ons skou ook daar saam met die Friese wat genoeg tyd tussen klasse laat vir voorbereiding. Die skou-inskrywings sluit 17 April 2016 en geen laat inskrywings gaan toegelaat word nie - skyrf NOU in!

LET WEL:

Kroonperd inskrywings is apart;
Vrywaringsvorms is verpligtend;
Aantal kaartjies moet korrek uitgewerk word.

Daar is kampegeriewe lang die skougronde beskikbaar. Om daar te bespreek, kontak Juanita Weyers
Tel: 051-448 9894/5/6 E pos: juanita@bloemshow.co.za.

Die hingskeuring vind nie tydens die skou plaas nie, maar wel op 16 April 2016 te Bethlehem.

NASIONALE KAMPIONSKAPPE 2016

5 April 2016

DIE SA BOERPERD NASIONALE KAMPIONSKAPPE SE BEOORDELAARS 2016

TRADISIONELE BEOORDELAAS

1. Jaco Jonker
2. Theunis Pretorius
3. Sias Horn

UNIVERSELE BEOORDELAARS

1. Elmarie Davel (Handklasse & baanmeerster)
2. Di Pieterse (alle ander klasse)

SKOUSPRING

Judith McLeod
Baanbouer: Brett Webber

DRESSEERBEOORDELAARS

Sal geplaas word sodra finale bevestiging van hulle ontvang is.

HOËVELD STREEKKAMPIONSKAPPE, MPUMALANGA, ERMELO

4 April 2016

Baie dankie almal die bestuur en almal wat bygedra het om die Hoëveld Streekkampioenskappe 'n reuse sukses te maak.

Op Woensdag, 30 Maart het die hingskeuring plaasgevind o.l.v. Herman Buhrman, Sarita Meiring en Theunis Pretorius. Daar is 26 hingste voor keuring gebring, waarvan 16 gebrand is. Baie geluk aan die eienaars.

Skouklasse het Woensdagmiddag 14:00 begin. Daar was bykans 100 perde ingeskryf wat gesamentlik beoordeel is deur Theunis Pretorius en Sarita Meiring. Baie geluk aan al die wenners, sowel as al die deelnemers se puik sportmangees! Die foto's en video's op Facebook spreek boekdele en getuig van 'n groot fees met baie pret en plesier rondom die skou.

Die Jeug het elke aand baljaar terwyl die grootmense kon kuier na die lang dae van skou.

Knap gedaan, Hoëveld Klub!

JEUG AKSIE: PARYS 2016

4 April 2016

Vanjaar hou ons JEUG 'n Musikale Ekstravaganza, in provinsiale groepe. Die Wes-Kaap streek het alreeds aan hulle program begin oefen. Maak seker dat die mentors / Jeugraad in jou streek jou selnommer het om jou vir verdere inligting te kan kontak. Inligting is op die webblad. Skakel in by die streek waar jy woon of die klub waaraan jy behoort. Julle oefen by julle onderskeie streekkampioenskappe. As jy nie daar kan wees nie, reël dat jy iewers kan opvang.

1. Kies die musiek (neem in ag hoe lank dit is)
2. Werk nou skou bewegings (stap/draf/gallop ens. daarmee saam uit. Dit kan in lyne, sirkels, ens. wees.
3. Hou dit eenvoudig.
4. Mentors mag saam ry.
5. Stuur aan almal 'n plan (soos dresseer), asook die musiek om te oefen.

ONTHOU: Mik liever vir 7min, as die volle 10 minute!

<http://www.saboerperd.com/p31/youth-action/sa-boerperd-youth-action.html>

KZN REGIONAL CHAMPIONSHIPS 2016 KZN STREEKKAMPIONSKAPPE

4 April 2016

30 May - 1 June 2016

The KZN Regional Championships 2016 forms part of the annual Royal Show in Pietermaritzburg. This is an excellent marketing opportunity for the SA Boerperd in the equestrian circles of KZN. Therefore we urge you to seriously consider to enter for this show. As this championships form part of a bigger agricultural show, there is the possibility to attract some spectators. The closing date for entries is 15 May 2016. Please make sure that all your horses' details are correct by not waiting to the very last moment to enter!

Electronic entries for the KZN Regional Championships are open on www.saboerperd.com.

Go to **EVENETS > UPCOMING EVENTS > SELECT THE LINK FOR KZN** to enter.

Make sure you enter for the correct event, as the Free State Entries will also be open soon.

VRYSTAAT HINGSKEURING 16 APRIL 2016 FREE STATE STALLION INSPECTION

4 April 2016

Die Vrystaat Hingskeuring vind plaas op 16 April te Bethlehem.

Die padaanwysings is soos volg vanaf BETHLEHEM:

1. Ry deur Bethlehem oppad na Paul Roux / Senekal in Bloemfontein se rigting;
2. Draai links na by die 2de EDEN bord, ± 1km uit die dorp;
3. Hou reguit aan vir 4 km tot waar die pad 'n vurk maak;
4. Hou links by die vurk - die pad word daar 'n grondpad;
5. Ry 3km aan vanaf die vurk;
6. Draai links in by Susannasvlei;
7. Jy het jou bestemming bereik.

Padaanwysings vanaf Paul Roux se kant af:

1. Daar is nie Eden borde op nie;
2. Ry oor die bult totdat Bethlehem in sig is - draai regs by die UNITRANS borde;
- 3-7 Volg aanwysings soos hoerbo.

RY VEILIG!

Indien julle verdwaal, skakel Liezelle by 0823610158

KALENDER vir 9 April 2016 - 16 April 2016

15th Apr 2016

CEM Vergadering (Raad)
Pretoria

16th Apr 2016

VRYSTAAT HINGSKEURING
Bethlehem, VRYSTAAT

12:00 16th Apr 2016

Raadsvergadering
Bethlehem

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Klik hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.

SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP/BREEDERS' SOCIETY

www.saboerperd.com

118 Henry Street Bloemfontein 9300